# Geopende Deure NUUSBRIEF

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgde Kerk



**November / Desember 2021**

Jou Kersgeskenke help Sele, bl. 2 • Dankie vir jou ondersteuning, bl. 3
Jesus se verjaarsdagpartytjie, bl. 4-5 • My gebed vir Kersfees, bl. 6 • Raak betrokke, bl. 7



# Jy het HOOP en VREUGDE gebring aan Cecilia en haar familie

Ons vier binnekort Kersfees. Vir talle van ons in Suid-Afrika en regoor die wêreld sal Kersfees ŉ bittersoet viering wees, omdat baie van ons die afgelope jaar verliese ervaar het. So wanneer ons in vreugde bymekaar kom, sal ons in ons harte dink aan diegene wat hierdie Kersfees hartseer is, soos Cecilia van Nigerië.

Cecilia het haar man verloor in die aanvalle teen Christene wat in 2011 in die Plateau-staat uitgebreek het, so sy en haar familie is elke jaar pynlik bewus van die leë sitplek aan hul Kerstafel. Baie van ons kan hiermee vereenselwig.

Cecilia het nie geweet wat van haar en haar familie gaan word nie, maar sy het *"besluit om aan Jesus vas te hou."* En deur die genade van God kon sy haar familie versorg.

Te danke aan haar geloofsfamilie regoor die wêreld, soos jy, kon sy vir haar familie kos gee en haar kinders laat skoolgaan. As gevolg van jou kan haar seun, Sele, wie se gunsteling vak wiskunde is, skoolgaan sodat hy eendag ŉ dokter kan word. *"Ek wil mense se lewens red,"* sê Sele.

Beide Sele en Cecilia is dankbaar vir hul familie in geloof regoor die wêreld. *"Ek wil dankie sê aan die broers en susters wat help om my skoolgeld te betaal. Mag God hulle seën,"* sê Sele. Cecilia beaam dit: *"Ek dank God vir Geopende Deure. Hulle help my, veral met Sele. Ons sê baie dankie… veral Sele. Ná elkeen van sy eksamens, wanneer sy uitslae kom, vra hy om die kantoor (Geopende Deure) te bel om te sê hy staan eerste in sy klas."*

Geopende Deure kon Sele met ŉ Kersgeskenk verras. Sy klere het te klein geraak en sy ma het nie geld gehad om nuwes te koop nie. Hy het ŉ nuwe formele hemp, broek en ŉ geïllustreerde Kinderbybel gekry. Sy vreugde en verwondering is onbeskryflik.

Dankie dat jy die geskenk van vreugde en hoop aan families soos Cecilia sŉ gee. Mag God jou ryklik seën wanneer jy dié Kersfees tyd saam met jou familie en vriende deurbring!



**Dankie! Met jou ondersteuning is Sele eerste in sy klas en kan hy droom om eendag ŉ dokter te word.**

# Dankie aan ons familie in geloof!

Namate ons die jaar afsluit, is ons dankbaar teenoor God vir Sy goedheid en vir almal van julle, ons familie in geloof, wat saam met ons vir ons vervolgde familie in Christus bid en hulle ondersteun.

Ons wil spesiale melding maak van ons familie by Northcliff Union Church in Johannesburg. Hulle is al sedert die 2000's by verskeie projekte van Geopende Deure betrokke, en staan so by ons vervolgde familie.

Northcliff Union Church is getrou betrokke by die bediening van ons vervolgde familie – van gebed tydens hul weeklikse kerkdienste tot saam reis na die vervolgde Kerk, gasheer wees vir Geopende Deure-sprekers en deelname aan ons briefskryf-veldtogte. *"Ons doen wat ons kan om die vervolgde Kerk 'op die voorgrond' van ons kerkfamilie se lewens te hou,"* sê Gavin, senior pastoor van die kerk.

Ons het vir Gavin gevra wat hul hart is en hoekom hulle ons vervolgde familie ondersteun. Hy sê: ***"Ek dink 1 Korintiërs 12:26 stel dit die beste. Ons is deel van die Liggaam van Christus. As een deel swaarkry, behoort ons almal die folterende pyn te voel. Die Liggaam van Christus verduur ontsaglike trauma regoor die wêreld, en op ons kontinent. As ons nie daardie swaarkry kan voel nie, is ons nie werklik aan die Liggaam van Christus verbind nie, is ons?"***

Baie dankie aan Northcliff Union Church en talle ander kerke wat vir soveel jare al by ons familie staan.



## ONS WIL GRAAG VAN JOU HOOR!

**As jy 'n spesiale getuienis het oor jouself, jou kerk of jou kleingroep se betrokkenheid by die bediening van die vervolgde Kerk, laat weet ons gerus!**

**Epos: milandreh@od.org**

# Vier die geboorte van Jesus deur die oë van kinders

ŉ Deel van ons visie by Geopende Deure is om ŉ impak te maak in die Koninkryk vir die toekomstige generasies. Dis waarom ons spesiale projekte het wat daarop fokus om vervolgde Christen-kinders te versterk, wat verskeie uitdagings ervaar omdat hulle Jesus liefhet. Afgesien van die addisionele druk wat hierdie kinders ervaar, veral rondom Kersfees, gaan die viering van Jesus se geboorte nie ongesiens verby nie.

Ons het sommige van hulle gevra hoe hulle die koms van ons Verlosser vier. Dis wat hulle gesê het…




KENIA

## Mary

"Bymekaar" is die woord wat met Kersfees geassosieer kan word in Kenia, soos wat ons van Mary (13) leer: *"Kersfees begin met ŉ gewone diens, die pastoor preek en ons het losprysing,"* sê sy. *"Ná die diens eet ons saam omdat daar mense is wat nie geld het om kos te koop vir ŉ viering by hul huise nie. So ons kom bymekaar en deel sodat elkeen genoeg het. Elkeen kan feesvier sonder om uitgesluit te voel."*

N.S.: Oorweeg om die geskenk van hoop hierdie Kersfees aan ons familie in Christus te gee deur een van ons Geskenke van Hoop. Besoek www.OpenDoors.org.za/gvh vir ons nuwe Geskenke van Hoop-katalogus.




# Ahmad & Lian

In Sirië versier Ahmad (14) en Lian (10) die Kersboom. Hoewel die land al vir meer as tien jaar in ŉ burgeroorlog vasgevang is, gee dit ons hoop om te onthou dat Jesus onder ons leef.

*“Ek vier Kersfees deur na my oupa se huis te gaan, waar ons lekkers en ander dinge eet,”* sê Lian. *“Ons sit ŉ boom op en eet lekker etes,”* las Ahmad by. *“Ek gaan uit saam met my vriend, en ons loop deur ŉ Christen-straat waar mense Kersversierings opsit. Ons eet ook by ŉ restaurant,”* vertel Ahmad.








Prys die Here vir hierdie kinders se geloof in Christus. Mag ons die hoop onthou wat ons in Hom het wanneer ons dié Kersfees bymekaar kom om Jesus se geboorte te vier en Hom dank dat hy ons vergewe het, sodat ons die ewigheid saam met Hom kan deurbring!

# Deng

In Laos steek Deng (12) en haar maats kerse aan vir Kersfees. Die meisies dink nie aan vervolging wanneer hulle vir Kersfees voorberei nie. *“Kersfees is die dag waarop Jesus aarde toe gekom het om ons sondes te vergewe, en dis Sy verjaarsdag,”* sê Deng.

Die meisies oefen ŉ dans wat hulle vir Kersfees wil uitvoer. *“Ons vier Kersfees deur te dans,”* sê Deng. *“Om eer aan God te bring, sing ons liedere en hou lofprysing saam met die volwassenes.”*



# My gebed vir Kersfees



Dis binnekort Kersfees. Met Covid-19 wat ons onverwags in 2020 getref het, het ons Kersvieringe op een of ander manier verander. Ek wonder soms watter tipe Kersfees ons hierdie jaar sal hê? Met alles wat aangaan, staan ek vas in hoop en gebed dat dinge sal verander.

**Ek bid** dat die strate gevul sal wees met rus, vrede en vreugde. Dat ons weer ons geliefdes sal sien terwyl ons aan diegene dink wat nie meer met ons is nie, en dat kinders net kinders sal kan wees. **Ek bid** dat die Kerk toegelaat sal word om bymekaar te kom vir vieringe, dat die koor weer sal sing en dat kinders hul Kersopvoerings kan opvoer. **Ek bid** dat alles oor Jesus se geboorte sal gaan.

Ongelukkig kom dié tipe gebede nie eers naby die realiteit van vervolgde gelowiges nie, veral gedurende die pandemie en Kerstyd. Dis een van die gevaarlikste tye vir hulle, en hulle is daagliks teikens as gevolg van hul geloof. Daarom **bid ek** dat hulle hierdie Kersfees beskerm sal word teen geweld en teistering, en dat dit vir hulle moontlik sal wees om veilig (en diskreet) bymekaar te kom waar moontlik.

Dit maak nie saak waar hulle hulself bevind nie – in die tronk, besig om te vlug, **ek bid** dat hulle hierdie Kersfees die hoop wat ons in Jesus het sal ervaar, ongeag van hul omstandighede. En **ek bid** dieselfde vir jou – dat wat ook al jy hierdie Kersfees in die gesig staar, jy ook hierdie hoop sal ervaar.

Oud en jonk, ver of naby – **ek bid** dat ons as die Liggaam van Christus regoor die wêreld sal aanhou om hierdie Kersfees en in die nuwe jaar saam die wedloop van geloof met volharding te hardloop.



Verteenwoordigende foto gebruik.



# ONS BENODIG VRYWILLIGERS

**Ons het ŉ visie om die vervolge Kerk in elke kerk in Suidelike Afrika te verteenwoordig. Maar ons kan dit nie alleen doen nie. Dit is waarom ons ŉ beroep op julle, ons vennote, doen om dit te help moontlik maak.**

**Jy wonder seker hoe? Deur ŉ kerkverteenwoordiger of spreker te word.**

## Word ŉ kerkverteenwoordiger

As kerkverteenwoordiger sal jy die skakel by jou kerk wees vir enigiets wat Geopende Deure betref. Jy sal die kerk op hoogte hou van die jongste nuus, hulpbronne en veldtogte om hulle te help bid en te reageer. Al wat jy nodig het, is ŉ hart vir ons vervolgde familie en die gretigheid om ŉ verskil te maak – ons sal die res voorsien.

## Word ŉ spreker

As spreker sal jy die stem wees om ander te inspireer om te reageer en saam met die mees vervolgdes van ons geloof te staan. Jy sal help om die boodskap van die vervolgde Kerk in jou area te versprei deur ŉ stem te wees vir ons familie in geloof, wat nie namens hulself kan praat nie.

**Gebruik jou tyd, kundigheid en passie en hardloop die wedloop van geloof saam met ons vervolgde familie! Saam kan ons ŉ impak vir die Koninkryk maak in ons gemeenskappe en vir die vervolgde Kerk!**

**Vir meer inligting en om in te teken, besoek www.opendoors.org.za/vrywilliger.**

FaithFluencers
Be inspired to live differently

**8am Sondae op eTV**

Ons vervolgde broers en susters is helde van ons geloof – hulle is FaithFluencers. Vind inspirasie in hul geloof deur ons FaithFluencers-programme op e.TV op Sondagoggende om 08:00 te kyk. Vicky Kente gesels met ons personeel, vennote en reisigers oor hul ontmoetings met ons vervolgde familie en hoe dit hul geloof beïnvloed het. Die program word tot 19 Desember uitgesaai. Moet dit nie misloop nie!

# Vanuit die hart

Beste vriend

Dit was ŉ moeilike jaar vir talle mense wat geliefdes of hul lewensbestaan verloor het, en baie het die las van onsekerheid en isolasie gevoel. Al het ons hierdie jaar uitdagings ervaar, het ons ook gesien hoe deernis en omgee toegeneem het – ŉ eensgesindheid om ander te help oor die historiese grense van verdeeldheid en gemeenskappe wat saamstaan om mekaar teen opsetlike verwoesting te beskerm. Te midde van die situasie, hou ons moedig vas aan ons geloof en volg Jesus in dapperheid.

Ek is die afgelope paar maande versterk deur jou ondersteuning aan ons broers en susters in Christus. Ek is ook bemoedig deur die Woord uit Hebreërs, en ek bid dat jy ook bemoedig sal wees hierdeur: *"Laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."* (Hebreërs 12:1-2)

Kerstyd is ŉ geskenk wat ons die geleentheid gee om af te skakel en ons oë op Jesus te vestig wanneer ons voorberei om Sy geboorte en menswording saam met geliefdes te vier. In dié tyd wil ek jou vra om aan ons mees vervolgde broers en susters in Christus regoor die wêreld te dink. Ondanks honger, oorlog, verdrukking, gevangenskap, haat en om uitgeworpenes te wees, is hulle geroep om te bly, om in die teenwoordigheid van Jesus ligdraers in die duister te wees. Ons kan so baie by hulle leer.

Mag ons aanhou om hulle in ons gebede te hou, terwyl hulle ons gebede en ondersteuning nodig het waar hulle die wedloop aanpak wat vir hulle uitgelê is.

Waar ons hierdie jaar afsluit, dank ek jou dat jy by ons en ons broers en susters in Christus gestaan het. Ek bid dat, terwyl jy hierdie Kersfees saam met geliefdes deurbring, jy ŉ geseënde tyd sal hê terwyl ons nadink oor die geboorte van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus.

Vrede

Lynette

**Lynette Leibach**
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Vervolg — **Maar nooit alleen.**


Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za
064 867 4730



Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.


Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org


**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**